# TENNISBELEID

## 1. DOELWITTE

- Om alle leerders in die skool 'n gelyke kans te gee om deel te neem.
- Om 'n liefde vir die sport aan te kweek.
- Om massadeelname te bevorder.
- Om vir die leerders met 'n spesiale talent in tennis ook 'n geleentheid te gee om te presteer.

## 2. RANGLYSTE EN DAAGREëLS

2.1. Ranglys word jaarliks bepaal deur die Tjokkies Kampioenskap.

2.2. Top 12 spelers mag tot 2 posisies bokant hom/haar daag. Posisie 13 en onder mag tot 3 posisies bokant hom/haar daag (bv. Posisie 14 kan posisie 12 daag, maar nie posisie 11 nie. Posisie 15 mag egter vir posisie 12 daag).

2.3. Top 12 spelers speel volgens die beste uit 3 stelle beginsel. Die 3de stel is 'n "Super Tiebreaker". Indien 'n speler vir posisie 12 daag, sal die uitslag deur die beste uit 3 stelle bepaal word.

2.4. Posisie 13 en onder speel die beste uit 11 potte (telling 6-5).

2.5. Elke speler het 1 "vry-daag" tot hulle beskikking. Dit beteken dat enigiemand op die ranglys vir enige posisie bo hulle mag daag bv. posisie 20 daag vir posisie 1.

2.6. Geen ouers of ondersteuners word langsaan die baan toegelaat nie. Die betrokke spelers moet self telling hou sonder enige hulp vanaf ouers of ondersteuners.

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.co.za | www.tjokkies.co.za

2.7. Die uitdager mag die dag en tyd kies. Die wedstryd móét binne 5 skooldae vanaf die daag plaasvind. Bv. Speler A daag Maandag vir Speler B, Speler B het tot die volgende Maandag tyd vir die daag wedstryd om plaas te vind.

2.8. Die speler wat daag moet die balle voorsien. Tjokkies bane is gratis indien beskikbaar. Sover moontlik moet spelers die fasiliteite van die skool gebruik. Alternatiewe bane mag gereël word, indien albei spelers instem. Alternatiewe bane mag moontlike koste-implikasies hê, en moet vooraf deur die betrokke spelers met mekaar gereël word.

2.9. Spelers wat siek of beseer is moet ‘n mediese-sertifikaat voorsien aan die tennishoof of afrigter. Hierdie speler mag aan geen oefeninge, afrigting, groep sessies, of fisiese aktiwiteite deelneem nie. Siek of beseerde spelers wat twee of meer skoolwedstryde misloop sal een plek op die ranglys afskuif met sy/haar terugkeer. Gewone daagreëls geld vir die speler om sy/haar posisie te verbeter.

2.10. Daag wedstryde wat nie in die 5 skooldae kan plaasvind nie tel nie as ‘n daag nie, ander spelers mag dan hierdie speler daag. Dit is egter net in die geval wanneer daar nie ‘n dag en tyd vir albei spelers pas nie. Indien hierdie ‘n wedstryd is wat moet plaasvind sal die afrigter saam met die ouers ‘n tyd finaliseer.

2.11. Speler mag nie ‘n wenner/verloorder van ‘n wedstryd daag wat nog nie plaasgevind het nie. Daar mag slegs gedaag word wanneer wedstryd gefinaliseer is. Solank jy nie daag nie mag ander spelers jou daag.

2.12. Speler A daag Speler B, Speler A wen, Speler B mag weer onmiddellik terug daag. Na Speler B se terugdaag ongeag die resultate mag hierdie spelers mekaar eers weer na 2 weke daag. Intussen kan Speler A / Speler B iemand anders daag of gedaag word.

2.13. Spelers wat nie wil uitspeel nie verbeur hul posisie (Met uitspele van ‘n toer groep, indien speler nie beskikbaar is vir uitspele of nie kan uitspeel nie verbeur hulle hul posisie vir daardie toer).

2.14. Afrigters mag verpligte daag wedstryde reël tussen spelers (afrigter/skool sal balle voorsien).

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.co.za | www.tjokkies.co.za

2.15. Daag wedstryde kan voortgaan tydens die liga. (Span / Ranglys sal weekliks aangepas word)

2.16. Tydens daag wedstryde moet TSA (Tennis Suid Afrika) reëls gevolg word:

- Spelers wat nie ooreenstem gedurende wedstryde nie, mag ‘n Elite-ProAfrigter nader as beredder.
- As ‘n speler nie seker is of die bal in of uit is nie verloor hy/sy daardie punt.
- As ‘n speler ‘n bal afroep is dit daardie speler se roep, spel moet voortgaan na so afroep.
- Alle spelers moet regverdig speel. Herhaalde voorvalle van oneerlikheid moet aan die betrokke afrigter gerapporteer word.

2.17. Afrigters kan spelers in toernooie moontlik buite hul ranglys-posisies speel tot voordeel van span/skool. Dit is ‘n aanvaarde strategie om spanne meer kompeterend teen ander skole te maak.

2.18. Reëls kan soms aangepas word soos daag wedstryde plaasvind tot voordeel van alle Tjokkies tennisspelers.

## 3. AFRIGTING

3.1 Buite-afrigters kan aangestel word indien daar ‘n behoefte is en daarvoor begroot is. Aanstelling van sulke afrigters sal afhang van hul ervaring, prestasies en kwalifikasie wat duidelik in hul CV aangedui moet wees. Ouers wat self gekwalifiseerde afrigters is sal genader word indien hul belangstel om te help met afrigting. Wanneer ‘n Tennis Akademie die skool se tennis-afrigting behartig, is ouers welkom om te help, maar wanneer dit by kliënte werf en van tegnieke wat gebruik moet word kom moet die akademie voorkeur kry.

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.co.za | www.tjokkies.co.za

4. <u>PLIGTE VAN DIE TENNISHOOF, DIREKTEUR VAN SPORT EN AFRIGTERS</u>

4.1 <u>TENNISHOOF</u>

Die tennishoof:

4.1.1 Word deur die Bestuurspan, in samewerking met die Beheerliggaam, aangestel.

4.1.2 Moet toesien dat die beleid geïmplementeer en toegepas word.

4.1.3 Moet op gereelde basis verslag doen aan die Beheerliggaam. Hy/sy moet ook toesien dat tennis die nodige dekking in die koerante, sosiale media en webblad geniet.

4.1.4 Reël vergaderings vir beplanningsdoeleindes, in samewerking met die betrokke Beheerliggaamlid en skoolbestuur.

4.1.5 Is verantwoordelik vir die voorbereiding van bane voor toernooie of ligabepalings.

4.1.6 Is verantwoordelik vir die kontrole en beheer van tennisvoorraad/implemente en voorraadopnames.

4.1.7 Kontroleer die afrigters ten opsigte van oefentye, bywoningsregisters ens.

4.1.8 Kontroleer alle betalings, bestuur en opstel van begrotings.

4.1.9 Hanteer griewe en dispute wat na hom/haar verwys is.

4.1.10 Is verantwoordelik vir die opstel en bestuur van die tennisbegroting.

4.1.11 Reël busvervoer indien nodig en stel die bedrag vas wat elke deelnemer moet betaal.

4.1.12 Hanteer toekennings vir trofeë vir die prysuitdeling, in samewerking met die sporthoof en Direkteur van Sport.

4.1.14 Wys die afrigters aan, in samewerking met die Direkteur van Sport en sporthoof.

4.1.15 Opstel van oefentye in samewerking met die afrigters en sporthoof.

4.2 DIREKTEUR VAN SPORT:

Die Direkteur van Sport is verantwoordelik vir:

4.2.1 Die organisatoriese aspekte van toernooie, in samewerking met die tennishoof, sporthoof en afrigters.

4.2.2 In samewerking met die tennishoof, die uitslae/verslag aan die sporthoof op 'n Maandag, asook vir die terugrapportering in die saal.

4.2.3 Die bywoon van die jaarvergadering en ander vergaderings soos nodig, tesame met die tennishoof.

4.3 AFRIGTERS

4.3.1 Afrigters word deur die tennishoof, in samewerking met die sporthoof en organiseerder, aangewys.

4.3.2 'n Afrigter neem volle verantwoordelikheid vir sy/haar spelers. Elke afrigter moet 'n lys hê van die spelers wat by die hom/haar oefen. Wanneer dit by privaat sessies kom is hierdie nie nodig nie.

4.3.3 Die afrigter moet:

4.3.3.1 Sorg dra dat hy/sy op hoogte is van die nuutste reëls en afrigtingstegnieke.

4.3.3.2 Sorg vir die opwarming, fiksheid en afrigting van die spelers aan hom/haar toegewys.

4.3.3.3 Sover moontlik moet 'n onderwyser of die tennishoof toesien dat die spelers korrek, volgens voorskrifte, geklee is by elke oefensessie. Buite-afrigters is nie altyd ingelig rondom die skool se klerebeleid nie, en kan dus nie altyd toesien dat die spelers korrek geklee is nie.

4.3.3.4 Te alle tye voorbereid, en met geskikte kleredrag, by die oefeninge/toernooie/ligabepalings opdaag.

4.3.3.5 Afrigters verteenwoordig die skool en moet dus ten alle tye die naam van die skool beskerm. Afrigters moet sover moontlik nie met ouers of afrigters/onderwysers van ander skole in alterkasies betrokke raak nie.

4.3.3.6 Afrigters moet wel wanneer spelers nie seker is rondom reels nie, intree.

5. <u>BEGROTING</u>

5.1 'n Jaarlikse begroting moet voor die einde van September ingedien word.

5.2 Borge kan genader word vir medaljes en trofeë.

5.3 Alle aankope moet gedoen word volgens die finansiële beleid van die skool.

5.4 Alle apparaat wat aangekoop word moet dadelik in die bateregister aangeteken word. Aan die einde van die seisoen moet 'n volledige voorraadopname gemaak word en alle apparaat wat afgeskryf moet word, moet aan die Beheerliggaam voorgelê word vir goedkeuring.

6. <u>KLEREDRAG</u>

6.1 Wanneer 'n speler in die skool se span opgeneem is, sal van hom/haar verwag word om die korrekte, voorgeskrewe tennisdrag te dra. Dit is die tennishoof / sporthoof / onderwysers se verantwoordelikheid om toe te sien dat alle spelers korrek geklee is.

7. <u>VERVOER</u>

7.1 Spelers wat saam met hulle ouers na toernooie/ligabepalings reis, moet reëlings met die afrigter, sowel as die tennishoof tref.

8. <u>OUERS/TOESKOUERS</u>

8.1 Ouers se ondersteuning word te alle tye hoog op prys gestel.

8.2 Ouers mag nie met oefeninge inmeng nie. Indien 'n ouer 'n probleem/navraag het, moet dit skriftelik by die sporthoof ingedien word (sportnavrae@tjokkies.co.za).

8.3 Enige ouer wat hom/haar wangedra tydens toernooie/ligabepalings mag deur die betrokke afrigter, sporthoof of skoolhoof gevra word om die terrein te verlaat.

8.4 Indien 'n ouer hom/haar herhaaldelik aan wangedrag skuldig maak, sal die Beheerliggaam teen die ouer optree.

9. GRIEWEPROSEDURE

9.1 Alle griewe moet skriftelik by die sporthoof ingedien word (sportnavrae@tjokkies.co.za).

9.2 Die sporthoof sal die grief vir die tennishoof deurgee om te ondersoek, indien nodig sal die uitkoms van die ondersoek deur die tennishoof geëskaleer word na die sporthoof om dit dan volgens die skool se grieweprosedure te hanteer.

10. PRESTASIETOEKENNINGS


10.1 PRESTASIESERTIFIKATE: Spelers wat in Motheo- en Vrystaatspanne opgeneem word, ontvang prestasiesertifikate.

10.2 TROFEË:

Die beker word aan 'n seun en 'n dogter onderskeidelik toegeken wat:

- die hele liga-seisoen in die skool se eerstespan gespeel het.
- die hoogste rangorde van Tennis Suid-Afrika beklee, beide provinsiaal en nasionaal.
- die hoogste posisie tydens Mangaung Metro Tennisproewe/Vrystaat in die ouderdomsgroepe o/12 en o/13 behaal het.
- die langste tydperk die nommer een posisie op die skool se leer tydens liga-seisoen beklee het.

**GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM IN NOVEMBER 2025**



Mnr Wessel Groenewald

Voorsitter van die Beheerliggaam